



NG Kerk van Transvaal: Predikante en Amptenare Pensioenfonds



2 Julie 2021

Aan: Alle deelnemende werkgewers van die NG Kerk van Transvaal

Geagte Werkgewer

Omsendskrywe 2 van 2021

U sinode is behulpsaam om hierdie omsendskrywe te versprei.

Hierdie skrywe geld vir alle werkgewers van predikante en amptenare en sluit daarom gemeentes, kerklike instansies, kinderhuise, ouetehuse, christelike maatskaplike rade en ander organisasies in waar daar lede van die Predikante en Amptenare Pensioenfonds werksaam is.

Heffing op alle gemeentes in instansies

In my omsendskrywe 1 van 2021 wat die jaarlikse kostes van die fonds aandui, het ek genoem dat die Bestuurskomitee van die Predikante en Amptenare Pensioenfonds reeds in 2020 goedgekeur het dat 'n fooi (heffing) van alle gemeentes en instansies gehef sal word om sodoende die toekomstige werking van die komitee en die pensioenkantoor te verseker. Die Bestuurskomitee besef dat in hierdie tyd van inperking, die tydsberekening nie ideaal is nie en daarom word die fooi so laag as moontlik gehou.

Vanaf 1 Julie 2021 word u versoek om elke maand R100,00 per werkgewer oor te betaal. (Volgens wetgewing kan hierdie bedrag ongelukkig nie saam met u normale maandelikse pensioenbydraes en premies oorbetal word nie). Ons sal in die volgende paar dae die bank- en rekeningbesonderhede aan u deurgee.

Ons sal verkies dat u jaarliks of kwartaalliks die geld oorbetal maar as 'n maandelikse betaling u beter pas, is dit ook reg. Me Classina Cornelius van Goudland Sinode sal hierdie befondsing namens die Bestuurskomitee hanteer en sal werk op die deelnemende werkgewerslys wat vir elke sinode opgestel is.

Termyn van Bestuurskomitee-lede

Die termyn van die Bestuurskomitee-lede kom tot 'n einde, Oktober 2021.

Na die samesmelting van die Predikante en Amptenare Pensioenfonds op 1 Oktober van 2020, is daar besluit om die twee aparte Bestuurskomitees as één te laat funksioneer tot Oktober 2021 waarna die Bestuurskomitee weer opgemaak sal wees uit agt lede in plaas van die bestaande sestien lede. (Elke komitee het bestaan uit agt lede: vier is deur die werkgewer aangewys en vier is deur die lede verkies).

In die gewysigde konstitusie van die Bestuurskomitee maar ook soos voorheen die geval, is die werkgewer-aangewese lede die uitvoerende amptenare van die vier deelnemende sinodes van die NG Kerk van Transvaal. Hierdie lede sal gewoon her-aangewys word en daarom verander niks nie.

Daar sal egter 'n verkiesing van werknemer-vertegenwoordigers moet plaasvind maar hierdie keer met 'n verskil: in plaas van vier lede uit die predikante-korps en vier lede uit die amptenare-korps, sal die verkiesing plaasvind uit die gesamentlike lidmaatskap van beide kategorieë sodat vier lede uiteindelik verkies sal word.

NG Lynnwood Sussexlaan 439, Lynnwood

GPS: S25°45.96 E28°15.93

E-pos : theo@pensioene.co.za;

Tel : 012 342 0415

'n Deelnemende Fonds aan die Sanlam Sambreelfonds

U sal ook binnekort meer inligting hieroor ontvang met die uitstuur van die nominasie-briewe.

POPI Wetgewing

Teen hierdie tyd sal u reeds iets weet van die *Protection of Personal Information Act (POPIA)*. Ons vertaal dit in Afrikaans as die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting. Hierdie wet is effektief vanaf 30 Junie 2021.

Byvoorbeeld, u sou eposse ontvang het waarin u versoek word dat u instem, of nie, om deel te wees van 'n maatskappy of instansie se verspreidingslys.

Die Bestuurskomitee van die Predikante en Amptenare Pensioenfonds het hul nodige verklarings geteken en voldoen in terme van die Sambreelfonds se vereistes, aan die wet. Die gewysigde konstitusie bevat ook die nodige klousule oor die POPI Wet. In kort, die Bestuurskomitee is nou ook kragtens wetgewing verplig om u inligting te beskerm.

Daar is egter nog 'n party wat hierdie wetgewing verplig om lede se inligting te beskerm. Dit is elke persoon wat op die web geregistreer is om die maandelikse bydraes en premies te magtig. Dit is normaalweg die skriba of gemeente bestuurder, die menslike hulpbronne persoon of finansiële beampte. Hulle word as *operators* (operateurs) geag. Ons sal ook binne enkele dae meer inligting hieroor uitstuur sodat hierdie lede ook die wet kan nakom.

Inperking

Die inperkingsmaatreëls wat van tyd-tot-tyd deur die regering ingestel word om sodoende die verspreiding van die Covid-virus te beperk, het tot groot ontwrigting van die werking en volhoubaarheid van maatskappye en instansies gelei. Die Kerk het hierdie ontwrigting nie vrygespring nie. Indien u probleme ervaar met die bekostigbaarheid van u bydraes tot die fonds, kontak my gerus. Wat die werking van die pensioenfonds betref kan ek u verseker dat alles goed en glad verloop en alhoewel ons soms op 'n arm-lengte afstand moet werk via *Teams* of *Zoom*, ons soos altyd in die beste belang van ons lede optree.

Ons moes egter noodgedwonge sekere gebeurtenisse wat ons beplan het, kanselleer. Dit is onder andere die opleidingssessies vir skribas en saakgelastigdes wat op die *retirementfund* werk, inligtingssessies en aanbiedings oor die werking van die Fonds asook aftreebeplanningssessies. Indien die inperking en verwante nagevolge daarvan dit toelaat, sal ons hierdie aangeleenthede hervat.

Opsomming oor die skrywes wat u te wagte kan wees

- Binne enkele dae sal u die bankbesonderhede ontvang asook die fynere werking van die heffing.
- Binne enkele dae sal u 'n skrywe ontvang oor die verkiesingsproses.
- Binne enkele dae sal u meer inligting oor die nakomingsvereistes vir POPI (vir "operateurs") ontvang.

Alles van die beste en veilig bly!

TP Smith

TP SMITH: PENSIOENFONDSBESTUURDER